DIE GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG

# Die Basuin



**27 Augustus 2023**


**Predikant: Ds. S.P. Venter**

**Pastorie: 015 296 1840**

**Sel: 082 809 0222**

**Epos: sarel.pventer@gmail.com**


***Eredienste* begin *09:30***

**EREDIENS** **Ds. Sarel Venter**

**Skriflesing** 1 Timoteus 1: 1 - 20

**Tema** ***Preek: Jesus kom red sondaars.***

**Sang**
Psalm 108: 1, 2
Psalm 25: 2, 4
Psalm 130: 1, 4
Skrifberyming 3-1: 1, 3
Skrifberyming 6-2: 1, 3, 4

Betroubare woorde is ’n skaars item in hierdie wêreld. Of jy dit in ’n koerant lees, of op ’n TV-skerm sien, en of jy dit op die Internet raakloop – jy kan net nie meer alles wat jy hoor of sien of lees, glo nie. Die feit dat ’n mens oral waar jy kom, bewyse moet voorlê dat jy die waarheid praat oor wie jy is en waar jy bly en hoeveel jy verdien en wie weet wat alles nog, sê dat mense se woorde nie meer betroubaar is nie. Maar hiér is ’n betroubare woord. Hiér (laat die Heilige Gees ons deur die apostel Paulus hoor) is iets wat jy kan glo, iets wat jy regtig kan aanvaar en op jouself van toepassing kan maak, want dis waar en dis geldig en dit het krag en effek wat almal kan sien in die lewens van mense wat dit glo!

Hierdie betroubare woord is die boodskap dat Christus Jesus in die wêreld gekom het om sondaars te red. Kom ons luister vanoggend na hierdie bekende woorde, wat altyd weer vir ’n kind van God nuut en vars is.

Kom ons luister na hierdie boodskap:

1. Wie het gekom;

2. waarheen het Hy gekom;

3. wat het Hy kom doen;

4. vir wie het Hy dit kom doen.

**Kom ons onthou:** (Geleen by Geloofsbond van Hervormde Gemeentes)

**Bartholomeusnag**

Die Bartholomeusnag-slagting was een van die gewelddadigste pogings deur Franse Rooms-Katolieke om Protestantisme te probeer vernietig. Die gebeurtenis het aanvang geneem in die voordagure van St. Bartholomeusdag, 24 Augustus 1572, met 'n geteikende groep sluipmoorde gerig teen Hugenoot-leiers. Die Protestantse adel het juis Parys besoek om die troue van die Protestantse leier Hendrik van Navarre (later Hendrik IV van Frankryk) met Margaretha van Valois, suster van koning Karel IX van Frankryk, op 18 Augustus by te woon. Die Hugenoot-leiers het ná die bruilof in Parys agtergebly vir samesprekings met die koning. Op 22 Augustus vind 'n mislukte sluipmoordaanval op die Hugenoot-leier Gaspard de Coligny plaas.

Catharina de Medici, moeder van die bruid en koning, tesame met die invloedryke de Guises, het daarna uit vrees vir weerwraak die koning omgehaal om die Hugenoot-leiers te laat vermoor. Coligny is eerste vermoor, in sy slaapkamer, en sy lyk is by 'n venster uitgegooi. Die moorde van die Hugenoot-leiers sneeubal daarna deur Parys tot 'n besonders wreedaardige massamoord. Die bloedbad het verder deur Frankryk oor 'n tydperk van twee maande versprei. Derduisende Hugenote is deur Rooms-Katolieke afgemaai. Ter viering van die slagting het die pous, Gregorius XIII, 'n medalje laat maak met die motto "Ugonottorum strages 1572" ("Hugenote-bloedbad"). Die moordtog het gelei tot die eerste golf van Hugenote wat vanaf Frankryk gevlug het na Engeland, Duitsland en Nederland. En so kom uit die slegte ook die goeie: die vlugtelinge het hernude geestelike ywer en toewyding tot die Reformasie gebring waar hulle hulself ook al gevestig het.

Die Bartholomeusdag-gebeurtenis herinner gelowiges dat die geskiedenis van die kerke met hul oorsprong vanuit die Reformasie in Europa, die geskiedenis is van mense wat vir hulle geloof gely het. Dit is slegs weens God se genade dat die Franse Protestantisme ooit oorleef het. Vir bykans drie eeue lank was die Hugenote bekend as die lydende gelowiges van Europa. Maar te midde van hierdie uiterste verdrukking en ellende het hulle getuienis sterk gestaan. Hulle bly 'n voorbeeld van getrouheid vir die res van ons.

Vervolging is nie slegs deel van die kerk se verlede nie. Vandag is daar meer as 70 regerings wat geloofsvryheid beperk en Christengelowiges vervolg. Volgens die bedieningsorganisasie Geopende Deure, word daar wêreldwyd daagliks 'n gemiddeld van 15 Christene weens hulle geloof gedood. "Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word" (Hebreërs 13:3).

Ons betreur die lyding en uitmoor van ons medegelowiges. Jesus sê aan ons dat om Hom te volg sal vele uitdagings en beproewinge meebring (Matt. 5:10-12). Vervolging in een of ander vorm is onafwendbaar vir die Christen, nie 'n blote moontlikheid nie. Om die teiken van die wêreld se haat en verwerping te wees ter wille van Christus, is egter 'n grootse seën. Ons gaan voort met sekerheid en vreugde dat ons Verlosser leef, en dat ons Hom eendag in al Sy heerlikheid sal sien.

## OOG VIR MEKAAR




* Ons bid vir Dewald wat herstel na ‘n knievervanging, Sandra Eloff wat herstel na ‘n enkeloperasie en Petra vd Walt wie se kragte min is. Ons dra julle en julle families aan die Here op vir geloofskrag en hoop.
* Ons bid vir Kudu Pretorius wat sy ma, Truia, bystaan wat baie siek en swak is.
* Ons bid saam met Rika Jongbloed vir haar suster wat baie siek is.
* Ons wens Philip en Estelle Snyman geluk met Minette wat Saterdag getroud is met Douard D'Assonville.
* Ons wens Joggie en Hannelie Kruger baie geluk met hulle * kleindogter wat Donderdag gebore is.
* Seën vir die matrieks met die eksamen wat hier is. Hou kop en leer hard! Sterkte ouers om senuwees te kalmeer en die kinders te motiveer.

## KONSISTORIEDIENSBEURTE 27 Aug 22023

**Diensbeurt:** Wyk 2
**Ouderling:** Willie Eilers
**Katkisasie:** Les 20
**Diaken:** JN Beyeneveldt

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**

## TEE EN KOFFIE KUIERTYD




**Die susters nooi almal hartlik uit om na die erediens 'n heerlike koppie koffie of tee saam met ons te kom geniet.**

## DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| (Ma) 28 Aug | 18:00 | *Kerk* | Bedieningskommissie |
| (Di) 29 Aug | 09:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (Wo) 30 Aug | 18:30 | *Kerk* | Bybelstudie |
| (So) 3 Sept | 16:00 | *Kerk* | Ouderlingevergadering |
| (Ma) 4 Sept | 18:00 | *Kerk* | Breëkerkraadsvergadering / Visitasie |




# KALENDER




| ***Verjaarsdae*** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Datum*** | ***Naam*** | ***Ouderdom*** | ***Belydend / Doop*** | ***Sel/Tel no.*** |
| (So) 27 Aug | Elizabeth Hurter | 62 | B | 083 285 8499 |
| (Ma) 28 Aug | Bonnie Jv Rensburg | 52 | B | 082 421 8179 |
| (Di) 29 Aug | ***Issie Engelbrecht ***** <br> Leon Grimbeek | ***86*** <br> 55 | B <br> B | 082 834 5897 <br> 083 670 4863 |
| (Wo) 30 Aug | Jaco de Witt | 48 | B | 084 513 8300 |
| (Do) 31 Aug | ***Alta Fourie **** | ***74*** | B | 082 668 2061 |
| (Sa) 2 Sept | Roald Pretorius | 19 | B | 071 588 1903 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| Huweliksdatum | Lidmate | Jare Getroud | Sel/Tel no. |
| (So) 27 Aug 1994 | Pieter & Anel Nieuwoudt | 29 | 073 416 1297 <br> 072 225 9555 |
| (Sa) 2 Sept 2017 | CC & Bénita Barkhuizen | 6 | 072 028 1966 <br> 071 609 1633 |

# GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Ek wil sing van u troue liefde en u geregtigheid, ek wil 'n lied sing tot u eer, Here. Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe.**

**Psalm 101:1 en 2**

## LAPSAK PROJEK

Ons het weer lapsakke uit gesit agter in die portaal.



**Ons vra asb dat lidmate van die sakke sal vat en vul met die wenslys wat op die sak verskyn.**

Baie dankie aan almal wat ons met die projek ondersteun.

# NAGMAAL

Lidmate moet ASB kennis neem van die volgende:

**Nagmaal sal op 17 September 2023 om 09:30 plaasvind.**

Lidmate **MOET** kennis neem dat daar slegs **EEN** diens sal wees.



Lidmate wat Nagmaal aan tafel wil gebruik sal dit kan doen, die ander lidmate moet die rakkies wat agter in die portaal is, gebruik en Nagmaal in die banke gebruik.

# NAGMAALETE

Lidmate wat die **Nagmaalete op 17 September** gaan bywoon moet asb julle name op die lys plaas wat agter in die portaal is.



Daar gaan heerlike hoenderdye gebraai word, saam met Peet se lekker pap en sous. Susters word versoek om asb 'n slaai saam te bring.

Onthou ook om eie eetgerei en drinkgoed saam te bring.

ONTHOU ASB ! ! Die susters in blok B is verantwoordelik vir nagereg by die Nagmaalete.

## SUSTERS LENTETEE




***Plaas asb jou naam op die lys agter in die portaal as jy hierdie geleentheid gaan bywoon.***

## SUSTERS LENTETEE (VERVOLG)

Ons probeer om ons susters se fondse met die Lenetetee op 9 September aan te vul. Buiten die hamburgeraand, is dit die enigste funksie vir die jaar waar ons fondse insamel.

Ons het heelwat uitgawes deur die loop van die jaar wat uit ons susterskas betaal word en wil julle nie elke keer pla nie. Dit is ook 'n heerlike saamkuier vir al die susters. Daar word baie moeite gedoen om dit vir almal feestelik te maak. Hierdie is regtig 'n styl-volle, maar informele geleentheid met die pragtige Odette Scrooby as spreker.



Sonder jou samewerking kan ons dit nie doen nie. Baie dankie dat ons op jou kan reken. Bring 'n vriendin (of twee of drie) en kom geniet die damesoggend met heerlike eetgoed.

# GEMEENTEKAMP

## GEMEENTEKAMP

Die aktiwiteitskommissie beplan *'n gemeentekamp by Mahuto Lodge vanaf 22 tot 25 Sept 2023.*

**Vir besprekings en pryse kyk agter in die portaal!!!**

***Moet nie die geleentheid misloop nie bespreek NOU en voorkom teleurstelling!!!!!!***

**Kom kuier lekker saam met ons. Dit gaan voorwaar 'n gemeentekamp wees om te onthou!!!!!!!**



# GEMEENTEKAMP (VERVOLG)

## Gemeentekamp: Mahuto Lodge 22-25 September 2023 Program

**Baie welkom by die gemeentekamp. Kom ons geniet 'n heerlike naweek saam.**

**Ons vra elke gesin om hulle eie drinkgoed, glase, ys en snoepgoed te vat vir die naweek.**

**Elke gesin en dagbesoekers moet asb 'n bordjie soet en/of souteetgoed vir Sondagmiddag saamvat.**

### VRYDAG, 22 September

| | |
|---|---|
| 14:00 tot laat | Aankoms |
| 18:00 | Aandete (boereworsrolle) |
| 20:30 | Huisgodsdiens |

### SATERDAG, 23 September

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:00 | Koffie en beskuit |
| 08:30 – 10:00 | Ds Sarel |
| 11:00 – 12:00 | Laat ontbyt |
| 12:00 en res van middag | Visvang, Wildrit, Stap, JEUGPROGRAM |
| 17:30 | Aandete (braai) en saamkuier |
| 20:30 | Huisgodsdiens |

### SONDAG, 24 September

| | |
|---|---|
| 08:00 – 09:00 | Koffie en beskuit |
| 11:00 – 12:00 | Erediens |
| 12:00 – 13:00 | Koek en Tee |
| 16:00 | Laat middagete (potjiekos) |
| Res van die middag en aand | Saamkuier |
| 20:30 | Huisgodsdiens |

### MAANDAG, 24 September

| | |
|---|---|
| 08:00 – 09:00 | Koffie en beskuit |

**Vertrek terug huis toe na 'n heerlike naweek.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Ek is 'n Dissipel!!!

**Elkeen wat die Here lief het, het die opdrag om 'n dissipel te wees.**

**(Matt 28:19)**

**…maak die mense my dissipels**



## Dissipelskap is- om die liefde van Christus te deel.

**My vriend, is gebroke, verpletter!!!**

**Wat sê ek vir hom?**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



**Ps 51: 13**
**Here moet tog nie U Heilig Gees van my vriend wegneem nie.**

**Laat hy weer blydskap ervaar Soos iemand wat deur U verlos is.**

**Daar is net *EEN Redder Jesus Christus.***



| | | |
|---|---|---|
| **Preke**<br><br>Kan afgelaai word op:<br><br>www.gereformeerd.co.za | **Kerkkantoor**<br>Faksnommer<br><br>**Webwerf**<br>www.gereformeerd.co.za | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks)<br>E-pos :<br>admin@gereformeerd.co.za<br>Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00<br>en Sondagoggende na die erediens |
| **Koster**<br>Nantes Kotze<br>015 296 0054<br>081 424 9651<br><br>**Orreliste**<br>Marisa Linde<br>083 408 2100 | **Bankbesonderhede**<br>Kerkkas<br><br>Diakonie<br><br>Geref. Susters Org. Pietersburg | <br><br>ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287<br><br>ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo.

*Dié uitspraak is betroubaar, en werd om ten volle aanvaar te word, dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te verlos, van wie ek die heel grootste is.*

*1 Timoteus 1: 15*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS